# <u>Om Hom te kan ken (25-08-2024)</u>

***Psalm 34: 12*** *Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die HERE leer.*

***Filippense 3: 7*** *Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag.* ***8*** *Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry* ***9*** *en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;* ***10*** *sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,* ***11*** *of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.*

'n Groot rede vir twyfel in God en ons wantroue in God, is oënskynlike teenstrydighede wat ons in die Bybel lees. In ons verstand aanvaar ons nie dat daar vir ons teenstrydighede in die Woord bestaan nie, maar ons uitsprake en vrae verklap soms ons twyfel wat ons in ons hart het.

1. Ons bely God as die Skepper van hemel en aarde, maar in ons gesprekke praat ons van die aarde wat miljoene jare oud is. Ons impliseer dus dat God nie heeltemal die waarheid gepraat het toe Hy gesê het dat Hy alles in 6 dae geskape het nie. ***Exodus 20: 11*** *Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus.*
2. Ons bely God as waarheid en dat Hy nie kan lieg nie en nie teruggaan op iets wat Hy gesê het nie, maar dan vind ons gereeld Skrifgedeeltes waar ons reken Hy nie die waarheid gepraat het nie. Hy sê dat Hy net een volk uit al die volke op die aarde lief gehad het, maar later vind ons uit dat Hy wel al die volke liefhet. ***Deuteronómium 7: 6*** *Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendoms volk te wees.* ***7*** *Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.* ***8*** *Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.*
3. Ons bely God as onveranderlik, konsekwent en eerlik, maar hoewel God in ***Romeine 1*** sê dat manne met manne skandelike dade gepleeg het en dat Hy sulke optrede haat, glo ons dat dit tog deur God toegelaat word, want dit is liefde.

Omdat daar sulke onbeantwoorde onsekerhede in ons gemoed is, kry geloof in God nie vashouplek in ons hart nie. Ons wil Hom graag op sy Woord neem, maar dan twyfel ons omdat daar vir ons dubbel standaarde van God se kant af is. Ons is te bang om daaraan te dink, omdat dit verkeerd voel, maar voordat ons nie hierdie onsekerheid uitgeklaar het nie, sal ons Hom nie kan glo en vertrou nie. Ons ken Hom, maar ken ons Hom vir wie Hy werklik is?, want ons ondersoek nie sy karakter nie.

God sê sy Naam is **EK IS WAT EK IS**. Dit impliseer dat **Hy is wie Hy is** en as ons Hom wil ken vir wie Hy is, moet ons uitvind wie Hy is. ***Deuteronómium 4: 29*** *Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek.* Indien Hy sou verander, is Hy nie is wie Hy sê Hy is nie, maar ons sal dan elke dag maar kyk wie Hy vandag is. Indien Hy altyd 100% die waarheid praat en indien Hy hou by wat Hy gesê het, sal ons 'n vaste vertroue in Hom kan hê, maar as Hy dubbel standaarde het, sal ons Hom nie kan vertrou nie.

As Hy dus byvoorbeeld sê dat Hy 'n ewige verbond met die kinders van Israel het en Hy by sy verbond hou, bewys Hy Hom as geloofwaardig en betroubaar, maar indien Hy die verbond laat vaar omdat die omstandighede verander het, is sy verbonde nie baie werd nie. Omdat ons as moderne kerkmense geleer word dat Hy wel sy ewige verbond met die kinders van Israel gebreek het, twyfel ons nou vanselfsprekend aan sy ander beloftes. As Hy nou vir ons die ewige lewe belowe, wonder ons of Hy daarby gaan hou en of Hy dit dalk ook oor duisend jaar sal verander.

As Hy sê Hy is waarheid, maar Hy praat nie die hele waarheid nie, dan is Hy nie wie Hy sê Hy is nie. As Hy sê Hy het die hemel en die aarde in ses dae geskape, maar die wetenskap het bewys dat dit miljoene jare gevat het, is Hy nie Waarheid nie.

Sodra ons met hierdie stellinge gekonfronteer word, en ons eerlik is, besef ons dat ons gedagte van God heeltemal verskil van ons belydenis van God. Ons bely dat Hy waarheid is, maar ons glo egter dat Hy nie altyd die waarheid praat nie. Enige persoon wat nou met hierdie stelling verskil, sal sy geloof op die proef moet stel om te sien of hy dit wat God sê, soos 'n kind glo.

Voorbeeld: God verbied die kinders van Israel om met nasies buite Israel te trou en nadat Salomo ongehoorsaam was en dit gedoen het, vat God die grootste deel van sy koningskap van hom af weg.

- ***1 Konings 11: 1*** *En koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad; en wel behalwe die dogter van Farao, Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese, Hetitiese—* ***2*** *uit die nasies waarvan die HERE aan die kinders van Israel gesê het: Julle mag nie met hulle meng nie, en hulle mag nie met julle meng nie; hulle sal voorwaar julle hart verlei agter hulle gode aan—Salomo het hulle met liefde aangehang.*

Dit glo en bely ons, want Salomo het mos God se gebod gebreek.

Hierdie selfde God het net so ook vir die kinders van Israel by Sinai belet om met nasies buite Israel te trou, maar toe hulle die land Kanaän ingegaan het, het hulle 'n verbond met Ragab die hoer gemaak en haar lewe gespaar. Later het sy met een van die kinders van Israel getrou en God was daarmee tevrede. Wat maak ons nou met hierdie dubbel standaard van God? Aanvaar ons dat Hy nie konsekwent is nie, of glo ons soos 'n kind dat Hy konsekwent is en dat daar by ons 'n misverstand is?

Wat is die probleem? Ragab was 'n Kanaäniet van een van die volke waarvan God die kinders van Israel verbied het om mee te trou.

- ***Josua 6: 25*** *Maar Josua het Ragab, die hoer, laat lewe en haar familie en almal wat aan haar behoort het; sodat sy onder Israel gewoon het tot vandag toe, omdat sy die boodskappers weggesteek het wat Josua gestuur het om Jérigo te verken.*
- ***Hebreërs 11: 31*** *<u>Deur die geloof</u> het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.*

- ***Jakobus 2: 25*** *En is Ragab, die hoer, nie ook <u>net so geregverdig</u> uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?*

Nou sien ons 'n God met dubbel standaarde. Ragab, wat 'n Kanaäniet is word deel van die volk en word geregverdig deur haar geloof, maar toe Salomo met ander volke meng, toe is God hoogs ontsteld oor sy optrede en vat die koninkryk van Israel by hom weg.

Hierdie geloofsvraagstuk is vir ons almal opsigtelik, maar meeste mense vermy liewers die onderwerp. Ons moet egter besluit en nie op twee gedagtes hunker nie. Is God dan so opreg en eerlik soos wat ons dink en sê?, want hierdie gebeure uit die geskiedenis laat Hom oneerlik lyk.

As ons verkies om nie ondersoek tot hierdie vraagstuk te doen nie, sal dit ons verhouding met God en ons geloof in God beïnvloed. Dit beteken dat ons denke van Hom verkeerd sal wees en ons minder van Hom sal dink as wat Hy is.

En wat van Moses se Kusitiese vrou en Rut wat 'n Moabitiese vrou was en later deel van die voorgeslag van Yahshua geword het? Is daar miskien onreg by God? Ons sal dadelik antwoord en verklaar dat daar nie is nie, maar in ons agterkop vertrou ons Hom nie, want Hy is nie eerlik nie... So dink ons, want kyk hoe tree Hy op.

Daar is ander verklarings van Ragab en Rut, maar ons aanvaar dadelik dat God self sy eie gebod oortree en aan die een kant verbied dat die kinders van Israel met Moabiete mag trou, maar aan die ander kant dit toelaat. Ons verklaar God dus skuldig, totdat Hy Homself onskuldig bewys het. Ons lees van sy gebod teen verbastering, maar vra dan onmiddellik, ja, maar wat van Rut, of wat van Ragab? Ons verdink God van bedrog en dit is laster teen die Almagtige, omdat ons Hom nie ken nie. Waarom gee ons Hom nie eerder die voordeel van die twyfel nie?

As dit lyk of Hy oneerlik is, behoort ons onmiddellik te weet dat Hy nie oneerlik kan wees nie en dat ons iets verkeerd verstaan. As Hy sê die kinders van Israel mag nie trou met die Moabiete nie en Boas trou met Rut, wat 'n Moabiet is, sal 'n gelowige in YHWH nooit waag om Hom te wantrou nie, maar weet dat daar 'n verklaring is, want God sal nooit skuldig wees aan so iets nie, bloot net omdat Hy is wat Hy is. **Om God te bevraagteken oor sy eerlikheid, is absolute laster en ongeloof in dit wie Hy is**. Iemand wat dink dat Hy iets haat en verbied en dit dan tog self toelaat, ken Hom nie en sal ook nie deur Hom geken word nie.

Iemand wat sy Naam ken, sal weet dat Hy is wat Hy is en nie kan lieg nie, en nie oneerlik kan wees nie, nie iets verbied en dan soms dit goedkeur nie, nie iets sê en dan later sy woorde terug trek nie. Iemand wat sy Naam ken, sal weet dat 'n oënskynlike teenstrydigheid <u>net een uitkoms kan hê en dit is ten gunste van die eer en heerlikheid van God se Naam.</u>

Die implikasie van hierdie stelling is dat ‘n ware gelowige, in die Naam van God, sal weet dat God nie dubbel standaarde het nie. Indien dit egter sou lyk of Hy sy eie Woord breek deur toe te laat dat ‘n Moabiet met ‘n Israeliet trou, dan sal ‘n ware gelowige weet en glo dat sy nie ‘n Moabiet is nie, maar wel ‘n kind van Israel. Dit sal ‘n ware gelowige se enigste gevolgtrekking wees, omdat God so gesê het en hy God se Woorde glo.

Dit beteken dat ‘n gelowige in die Naam van God sal aanvaar dat God nie sy eie Woord kan breek nie, want Hy is wie Hy is en ons verstaan net iets verkeerd. Ons as moderne Christene verwag egter dat God Homself moet verdedig en onskuldig bewys voordat ons Hom gaan glo, maar Hy verwag van ons om Hom blindelings te glo, ten spyte van hoe die omstandighede lyk. Dit is juis wat geloof in God beteken.

‘n Moontlike verklaring van die Kanaänitiese Ragab. Dalk net het haar oupa as jong man uit Egipte gevlug met sy gesin want die slawerny in Egipte was te erg en hy het hom gaan vestig in Kanaän. Sy is daar gebore en het later met nog een van die ander vlugtelinge van die kinders van Israel, uit Egipte getrou. Sy is dus in Kanaän gebore en het daar skool gegaan en het daar groot geword as ‘n Kanaäniet, maar sy is ‘n kind van Abraham. Ons het geen bewys dat dit met haar gebeur het nie, maar ons het ‘n bewys dat sy ‘n kind van Abraham is, want God vereis dit en dit is genoeg. ***Hebreërs 11: 1*** *Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*

Moses was deur sy toekomstige vrou as ‘n Egiptiese man beskryf omdat hy van Egipte af gekom het, maar hy was ‘n kind van Abraham. Ons glo dit, want ons lees dit in die Bybel. Ons hoef egter nie die geskiedenis te weet in Ragab se geval nie, want ons het God se Woord deur die verbod op die trou tussen Moabiet en Israeliet, en daarom weet ons sy was van Moab, maar sy was ‘n Israeliet, dit is wat geloof in God is.

Hierdie is net ‘n moontlike verklaring van Ragab, maar waarom vertrou ons God nie uit die staanspoor nie, en vereis ons eers van Hom om Homself te bewys voordat ons sal aanvaar wat Hy sê? As Hy sê ons moet in Hom glo, is dit dan nie juis wat Hy van ons verwag nie? **Geloof in Hom beteken nie dat ek die bewyse wil sien nie, maar dat sy Woord vir my genoeg is en ek die saak as afgehandel beskou**. As God dus sê ons mag nie verbaster nie, is dit vir my genoeg rede om dit te glo. Indien ek dan Skrifgedeeltes sou lees wat nie vir my sin maak nie, twyfel ek nie in God se Woord nie, maar weet dat ek iets verkeerd verstaan het, want God kan nie ‘n fout maak nie.

Ons word deur ons geloof in Hom gered. As ek Hom glo met my hele hart in alles wat Hy sê sal ek gered word, maar as ek twyfel in Hom en in wat Hy gesê het, sal ek verlore gaan. Die Satan wil hê ons moet ongelowig in God bly, sodat ons saam met hom verlore kan gaan. Sy metode van die begin af was om ongeloof in God se woorde te veroorsaak met alternatiewe.

Is dit so dat God gesê het...?

Is dit so dat God gesê het jy mag nie verbaster nie, want wat dan van Ragab die Kanaäniet? Die Satan vra vir Eva, is dit so dat God gesê het... en Eva se regte antwoord sou gewees het dat sy nie verstaan waarom God hulle verbied het om van die boom te eet nie, maar omdat sy in Hom glo en Hom vertrou wil sy nie van die boom eet nie want sy weet dit sal haar dood veroorsaak.

Ons antwoord van verbastering behoort te wees dat ons nie noodwendig verstaan waarom Rut op die oog af na 'n nie Israeliet lyk nie, maar omdat God verbastering verbied het, is dit beslis 'n uitgemaakte saak dat sy wel 'n Israeliet was, want dan is haar betrokkenheid by die volk van God en haar deelname aan die voorgeslag van Yahshua, nie verbode nie en God het nie dubbel standaarde nie.

Waarom gee ons God nie die voordeel van die twyfel nie? Is Hy dan nie geloofwaardig nie? Wanneer ons sy Woord bevraagteken ontheilig ons sy Naam, want sy Naam is EK IS volmaak, maar dan betwyfel ons of Hy waarlik volmaak is. As ons bid, laat U Naam geheilig word, het ons 'n bydra daartoe.

***Jakobus 2: 18*** *Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.* ***19*** *Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.* ***20*** *Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?* ***21*** *Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?* ***22*** *Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?* ***23*** *En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem.*

***Matthéüs 8: 8*** *En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word.* ***9*** *Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit.* ***10*** *Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie.*

As Hy sê ons moet weer gebore word, bedoel Hy dit of praat Hy maar net?

As Hy sê 'n nuwe verbond, is dit 'n nuwe of bedoel Hy eintlik 'n herstelde ou verbond?

As Hy sê ...

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE